NEIGINGS

FOTO: JOHAN NORVAL

NGUNI

GENOOTSKAP BIED TALLE VEILINGS AAN

Veilings onder die beskerming van die Nguni-beestelersgenootskap word eers ná die winterreses op 20 September vanjaar hervat. Die groepveiling van die Umsenge-Ngunitelers is op Grahamstad, gevolg deur 'n internetveiling van die tiende Stoch-produksieveiling op Malmesbury op 26 September.

Geregistreerde diere is in Mei op die derde produksieveiling van mnr. Gerhard Hamman van Ermelo teen die volgende gemiddelde pryse verkoop: Dragtige koeie, R13 893; koeie met kalwers, R14 750; dragtige verse, R13 067; en nie-dragtige verse, R8 654. Twee bulle is teen gemiddeld R34 500 stuk verkoop.

Kommersiële Nguni-koeie (drie-in-een) het op die algehele uitverkoping van mnr. Izak du Plessis van Kroonstad (Saniza-Nguni) gemiddeld R13 189 behaal, dragtige koeie gemiddeld R8 730, dragtige verse gemiddeld R7 600 en nie-dragtige verse gemiddeld R4 860. Kommersiële koeie met kalwers is teen gemiddeld R11 581 verhandel.

Kommersiële bulkalwers het gemiddeld R5 525 gekos, verskalwers R3 600 elk en speenosse R4 800.

Die omset van die Saniza-veiling, wat deur Vleissentraal van Bloemfontein aangebied is, was net meer as R1 miljoen.

– JOHAN NORVAL

Die Bonsmarabul LAR 140173 wat teen 'n allemintige R1,8 miljoen op die veiling van Up George Bonsmaras naby Wasbank verkoop is.

R1,8 MILJOEN VIR 'N VYFSTERBUL

'n Bonsmarabul het die rekord laat spat toe hy op 'n veiling van Up George Bonsmaras vir R1,8 miljoen verkoop is.

Die groep het sy 20ste produksieveiling aangebied op die plaas Up George, Wasbank (KwaZulu-Natal). Mnr. Jaco Venter, finansiële kontroleur van AAM Vee-agente en Afslaers, sê die bul LAR 140173 is gekoop deur 'n groep wat dieselfde visie en teelbeleid vir die Bonsmara nastreef. Die groep sluit in mnre. André van der Heyde van Bela-Bela, Nico Pieterse van Standerton, Ben Bosch van Bothaville, Andries Kruger van Vaalwater, Paul Maré van Viljoenskroon, Christoff Smit van Groblersdal en me. Surina Smal van Leeudoringstad.

Mnr. Louis Steyl, rasraadgewer by Bonsmara SA, sê dié bul is besonders ten opsigte van sy eie prestasie, asook dié van sy voorgeslagte. Die bul word beskryf as 'n vyfsterbul, aangesien hy in al die aspekte van sy evaluasie ver bo die rasgemiddelde gepresteer het en 'n punt van 9 uit 10 vir sy evaluasie behaal het.

Maré en Bosch sê die bul is 'n toonbeeld van manlikheid. Die kopers is ook beïndruk deur sy vers- én bulkalwers.

Altesame 68 bulle en 63 vroulike diere is op die veiling aangebied en verkoop. Die bulle is teen gemiddeld R110 368 verkoop. Die naasduurste bul is deur mnr. Nick Serfontein, Bonsmaraboer en voorsitter van die Sernick-groep, vir R270 000 gekoop.

Die vroulike diere het ook goeie pryse behaal. Drie vroulike diere wat saam te koop aangebied is, is teen R150 000 aan mnr. Laurence Allem van Viljoenskroon verkoop. Koeie met kalwers is teen gemiddeld R47 643 verkoop en dragtige koeie teen gemiddeld R18 000.

Kopers van Namibië en Botswana was ook teenwoordig. Die veiling is deur AAM Vee-agente en Afslaers behartig en mnr. Brandon Leer was die afslaer.

– ALANI JANEKE

SLAGVEE

BEESPRYSE IS STABIEL

DIE meeste pryse is stabiel vergeleke met die vorige week. Dit lyk asof die aanbod van speenkalwers daal. Die Noord-Vrystaat se pryse is beskikbaar op **www.vleisprys.co.za**. Gouda se pryse is deur BKB verskaf en Kimberley se pryse deur GWK.

PRYSE: WEEKLIKSE SKAAPVEILINGS

	NOORD-VS (BESTE R/KG)		KIMBERLEY (GEM. R/KG)		GOUDA (BESTE R/KG)	
DATUM	3/07	10/07	3/07	10/07	3/07	10/07
Stoorlammers (< 30 kg)	50,71	51,00	33,50	40,00	40,00	40,00
Slaglammers	36,88	36,90	31,00	38,00	37,00	36,00
Stoorskape	28,66	30,16	27,50	27,00	26,00	29,00
Vet skape	28,32	29,08	23,00	23,00	25,00	28,00

PRYSE: WEEKLIKSE BEESVEILINGS

	NOORD-VS (BESTE R/KG)		KIMBERLEY (GEM. R/KG)		GOUDA (GEM. R/KG)	
DATUM	3/07	10/07	3/07	10/07	3/07	3/07
SPEENKALWERS (R/KG, LEWEND)						
< 200 kg	36,83	38,88	33,20	34,00	33,00	33,00
Tot 250 kg	34,88	36,19	32,00	32,50	33,00	33,00
> 250 kg	31,33	32,11	-	-	31,50	31,50
VOLWASSE BEESTE						
Klas A	26,05	26,14	-	-	25,00	25,00
Klas B	20,50	21,01	20,50	20,30	19,00	19,00
Klas C	19,61	20,52	18,00	19,10	19,00	19,00
Slagbulle	21,82	22,05	24,50	24,00	23,00	23,00

NAVRAE: MNR. CHRIS DERKSEN, SEL **082 807 5961** (NOORD-VRYSTAAT) OF **082 808 2668** (GOUDA).